Die tyd tussen-in

Ek het in die laaste maande weer aan die lewe van Abraham en Jakob gedink. Hoeveel keer lees ons in die Bybel dat God met hulle gepraat het? Met elkeen van hulle afsonderlik nie meer as 10 keer nie. God het met Abraham gepraat oor 'n kind, maar eers tien jaar later het God weer met hom gepraat. God het met Jakob by Bet-El gepraat en dan lees ons dat God eers ongeveer 20 jaar later weer met Hom gepraat het. Abraham het 175 jaar oud geword en Jakob ongeveer 130 en ons lees in die Skrif net van enkele kere dat God met hulle gepraat het. Dink aan Abraham in die woestyn. Vir 10 jaar sit hy in sy tent, in die stof, in die verskriklike hitte, wind, koue nagte en 'n vrou wat nie swanger raak nie. Niks gebeur nie. En tog bly hy glo: *Al was hy sowat honderd jaar oud en al het hy dus goed besef dat sy liggaam reeds gedaan was en dat Sara te oud was om kinders te hê, het sy geloof nie verswak nie. Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie, maar hy is in sy geloof versterk en het aan God die eer gegee. Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloof het* (**Rom.4:19-21**). En so was dit met Jakob. God beloof om hom te seën en dat hy 'n groot nageslag sal hê. Die meeste van die dinge wat God beloof het, het hy nie in sy leeftyd gesien nie. Trouens, daar was baie swaarkry en stryd.

Daar is altyd die tussen-in tye in ons lewens. Die tussen-in tye is baie langer as die tye van wonderwerke, groot oorwinnings en die openbarings van God. So is dit ook met gebed. God belowe, maar die antwoord en die belofte is in die minderheid gevalle nie op dieselfde dag of selfs die volgende dag nie. Dit is in die tussen-in tye dat ons soos Abraham aan die beloftes moet vashou. Dit is in hierdie tye dat ons die Woord moet lees, getrou moet wees in gebed en God meer as die omstandighede glo.

Lees weer **Psalm 2**. Dit is 'n gesprek tussen die Vader en die Seun, waarskynlik nog voor die skepping. Daar belowe die Vader die nasies aan die Seun. Die belofte is al reeds gedeeltelik vervul. Die belofte het egter nog nie in volkome vervulling gegaan nie. Daar is 'n tussen-in tyd. Wat doen Jesus in die tussen-in tyd? Hy tree as Voorbidder in die hemel vir ons in. Hy roep ons op om saam met Hom vir die nasies te bid. Hy stuur ons uit om onder die nasies te gaan werk. Die feit dat Jesus reeds vir duisende jare wag op die vervulling van hierdie belofte, beteken nie dat God Hom nie sal gee wat Hy beloof het nie. Dit sal kom. Maar op God, die Vader, se tyd.

Mag hierdie woorde vir jou hoop gee. Laat ons doen wat ons moet doen (o.a. deur te bid) en God sal doen wat Hy beloof het. Hý weet wanneer en hoe om dit te doen.

Ons bid, omdat ons weet dat God ons hoor.

Bennie Mostert
Besturende Direkteur: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Ef.3:20